

## Die trefkrag van tiendebetaling



### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Markus 16:15; I Petrus 3:8, 9; I Korintiërs 9:14; Romeine 3:19–24.

#### Geheeteks:

“Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe” (I Korinthiërs 9:13, 14).

**S**oos verlede week gesien, is tiendebetaling ‘n belangrike betuiging van geloof. Dit is een manier om die egtheid van ons belydenis te openbaar, of te toets. “Ondersoek juisself of julle in die geloof is; stel juisself op die proef. Of is julle nie seker van juisself dat Jesus Christus in julle is nie – as julle ten minste nie verwerplik is nie” (II Korintiërs 13:5). Die eerste Bybelse verwysing van tiendebetaling is toe Abraham aan Melgisédek tiende betaal het (*Génesis 14:18–20, Hebreërs 7:4*). Die Leviete het ook die tiende vir hulle tempeldiens geneem (*II Kronieke 31:4–10*). Vandag word die tiende vir die onderhoud van die evangelieboodskap gebruik. Indien dit reg verstaan word, is dit ‘n geestelike maatstaf van ons verhouding met God. Die trefkrag, die gebruik, belangrikheid, en metode van verdeling van die tiende is ontwerp om ons geestelik te laat groei om God se werk finansieel te kan ondersteun vir die verkondiging van die evangelieboodskap. Dit is God se plan en was al die eerste stap wat ‘n getroue rentmeester neem, genoem. Hierdie week gaan ons voort om na tiendebetaling te kyk: na die verdeling daarvan, wat dit beteken vir ander mense, en wat die trefkrag daarvan op ons geestelike lewens is.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 24 Februarie.*

## Saam betaal ons vir die sendingopdrag

Jesus gee aan ons die opdrag, “...verkondig die evangelie” (*Markus 16:15*), “...maak dissipels”, en “leer hulle om alles te onderhou” (*Mattéüs 28:19, 20*). Dus wil God hê ons moet in die belangrikste werk op aarde betrokke raak om mense na Jesus te lei. Dit is die rentmeester se verantwoordelikheid om hierdie opdrag uit te voer deur die middele te gebruik wat deur God aan hom of haar toevertrou is. Deelname verdiep persoonlike toewyding wanneer Christus aan andere gebring word. Elke dissipel, rentmeester en werker moet die hele tiende vir hierdie heilige taak bring. Ons moet vir eenheid bid om getrou die opdrag van fondse te voorsien net soos wanneer ons suksesvol uitreik, ons eenheid in geloof versterk word.

**Wat is God se goedgekeurde finansiële plan om hierdie opdrag uit te voer? Wat beteken “die hele tiende”?**

---

Soos ons gesien het, het mense al vanaf Abraham en Jakob se tyd tiende betaal (*Génesis 14:20, 28:22*), en heelwaarskynlik nog voor dit al. Tiende is deel van ‘n stelsel wat fondse aan God se kerk voorsien. Dit is die grootste bron van inkomste en die regverdigste metode om Sy sendingopdrag uit te voer. In vandag se kulture gee die oorgrote meerderheid Christene relatief min om God se sendingopdrag van fondse te voorsien. Indien elke Christen ‘n eerlike tiende sou betaal, sou die resultaat “bykans ondenkbaar, eenvoudig verbasend, amper bo ons begrip wees.” — Christian Smith and Michael O. Emerson, *Passing the Plate* (New York: Oxford University Press, 2008), bl. 27, (*vrye vertaling*).

In elke eeu het God mense gehad wat gewillig was om Sy sending van fondse te voorsien. Almal van ons het ‘n verantwoordelikheid om te verstaan en saam te werk om hierdie wêreldwye taak te finansier. Ons kan nie bekostig om ongeorganiseerd, nalatig, of lukraak met hierdie fondse te werk nie. Ons uitdaging is ver groter as toe die volk en die Leviete aan Nehemía gesê het, “... want ons wou die huis van onse God nie laat verwaarloos nie” (*Nehemía 10:39*), en ook meer ontmoedigend as wat die geval was met gelowiges in die 1800’s. Vandag moet kerklede en predikante geestelik verenig wees en op ‘n manier finansiëel saamspan om die globale teiken te bereik, en die sendingaksie van fondse te voorsien.

**Dink na oor die uitgestrekte omvang van die Adventiste se sendinguitreik na die wêreld (*sien Openbaring 14:6, 7*). Hoe behoort elkeen van ons sy of haar eie verantwoordelikheid te verstaan om te help om hierdie werk van fondse te voorsien?**

---

## Die seëninge van God

Soos ons in Maleági 3:10 gesien het, het God 'n groot seën aan hulle wat hul tiende getrou betaal, belowe. Maar, God se seën is nie eensydig nie. Om byvoorbeeld die bymeekaarmaak van materiële besittings ten koste van al die ander dinge as 'n seën te beklemtoon, is 'n baie bekrompe siening van wat God se seën werklik is. Die woord seën in Maleági sluit geestelike sowel as tydelike seëninge in. Die betekenis van God se seën kan in verlossing, geluk, gemoedsrus, en God wat altyd doen wat die beste vir ons is, gesien word. Eweneens, wanneer ons deur God geseën word, is ons verplig om daardie seëninge met die minderbevoorregtes te deel. Ons ontvang seëninge om andere weer te seën. Inderdaad, deur ons word God in staat gestel om Sy seëninge uit te brei.

**Lees 1 Petrus 3:8, 9. Wat sê Petrus vir ons oor die verwantskap tussen die ontvang van seëninge, en om 'n seën tot ander te wees?**

---

'n Dubbele seën word deur tiendebetaling ontvang. Ons word geseën, en seën weer ander. Ons kan gee van dit wat ons ontvang het. God se seëninge reik in na ons toe, en uit na ander. “ ‘Gee, en aan julle sal gegee word. . . . want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.’ ” (*Lukas 6:38*)

**Lees Handeling 20:35. Hoe is dit ook op tiendebetaling van toepassing?**

---

Die groot seën wat ons deur tiendebetaling ontvang, is om God te vertrou (*Jeremia 17:7*). “Die spesiale stelsel van tiendebetaling is op 'n beginsel gegrond wat net so blywend soos die wet van God is. Hierdie stelsel van tiendebetaling was tot seën van die Jode, anders sou God dit nie aan hulle gegee het nie. So sal dit ook tot seën van diegene wees wat dit tot die einde van tyd sal deurdra. Ons hemelse Vader het nie die plan vir sistematiese weldadigheid ingestel om Homself te verryk nie, maar om tot 'n seën vir die mens te wees. Hy het gesien dat hierdie stelsel van liefdadigheid juis dit was wat die mens nodig gehad het.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 3, bl. 404-405, (*vrye vertaling*).

**Dink aan tye toe jy deur die Here geseën was deur iemand se bediening aan jou.  
Hoe kan jy dan net so aan ander doen?**

## Die doel van tiendebetaling

Paulus skryf aan Timóteüs: “ ‘Jy mag ‘n os wat graan dors, nie muilband nie;’ ” en “ ‘Die arbeider is sy loon werd’ ” (*I Timóteüs 5:18*). Hy haal Moses in Deuteronomium 25:4 aan waar hy van die os praat, en Jesus in Lukas 10:7 wat die arbeider betref. Die frase oor die os blyk ‘n spreuk te gewees het, en dit beteken dat dit regverdig is vir die os om graan te eet terwyl daar gewerk word. Dieselfde met die tweede spreuk wat beteken dat toegewyde arbeiders wat die evangelie preek, ‘n loon behoort te ontvang. God skep en bestuur stelsels. Hy het sonnestelsels, ekostelsels, verteringstelsels, senuweestelsels en nog baie meer, geskep. Die tiendebetalingstelsel was deur die Leviete gebruik (*Númeri 18:26*) om die tabernakel te versorg, en vir hulle eiegebruik. Die moderne ekwivalent is hulle wat hulle lewe daaraan toewy om die evangelie te verkondig. God se tiendebetalingstelsel is Sy verkose middel om die bediening te ondersteun, en dit was dwarsdeur die verlossingsgeskiedenis gebruik. Deur sulke arbeiders met tiende te onderhou, is dus grondliggend en fundamenteel vir God se werk.

**Wat bedoel Paulus met, en wat is die morele implikasie van die frase, “So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe” (*I Korintiërs 9:14*)? Wat leer *II Korintiërs 11:7-10* ons oor die nodigheid om hulle wat die evangelie preek, te onderhou?**

---



---



---



---

Toe Paulus gesê het, “Ander gemeentes het ek beroof deur vergoeding te neem om julle te bedien” (*II Korintiërs 11:8*), het hy ironies van ‘n arm Masedoniese gemeente gepraat terwyl hy ‘n ryk gemeente in Korinte bedien het. Die punt wat hy aan die gemeente van Korinte wou tuisbring, was dat hulle wat die evangelieboodskap preek, verdien om betaal te word. Die tiende is bedoel om vir ‘n spesifieke doel gebruik te word, en dit moet so bly. “Die tiende word vir ‘n spesiale gebruik opsygesit. Dit moet nie as ‘n fonds vir die armes beskou word nie. Dit moet spesiaal gewy word aan die onderhoud van diegene wat Gods boodskap na die wêreld neem; en daar moet nie van hierdie doel afgewyk word nie.” — Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap*, bl. 103.

**Lees Levítikus 27:30. Op watter maniere is hierdie beginsel vandag op ons van toepassing?**

## Die voorraadskuur of skatkamer

God het 'n voorraadskuur vir die wind (*Jeremia 10:13*), skatkamers vir die wêreldvloede (*Psalms 33:7*), en ook vir die sneeu en die hael (*Job 38:22*), waaroor Hy volkome beheer het. Maar God se waardevolste skatkamer is waar sy tiendes bewaar word. “ ‘En kyk, Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig, die dienswerk van die tent van samekoms ’ ” (*Númeri 18:21*). Hierdie is die eerste vers wat aandui waar die tiende gehou was, en staan vandag as die “die skatkamerbeginsel bekend.” God het ook instruksies gegee dat die Israëliete die tiende na 'n plek van sy keuse moes bring (*Deuteronómium 12:5, 6*). Gedurende Salomo se tyd was die tiende na die tempel in Jerusalem gebring. Die Israëliete het onmiddellik verstaan wat en waar die “skathuis” was toe die profeet Maleági vir hulle gesê het: “ ‘Bring die hele tiende na die skathuis ...’ ” (*Maleági 3:10*). Die skathuis was waar die aanbiddingsdienste plaasgevind het en waar die Leviete onderhou was.

**Watter ander name word in die Skrif gebruik om die skathuis te identifiseer?**  
*I Kronieke 26:20, II Kronieke 31:11–13, Nehemia 10:38.*

---

---

Die Skrif noem net een voorbeeld waarheen die heilige tiende gebring moet word. God het in elke tydvak net een sentrale skathuis gehad vanwaar die tiende beheer moes word. Sewendedag-Adventiste is 'n wêreldwye kerk wat die skathuisbeginsel gebruik. Kerklede word aangemoedig om hulle tiende na die plaaslike konferensie of sendingtesourie deur die plaaslike kerk waar hulle lidmaatskap is, te bring. Daardie konferensie of sendingtesourie is waarvandaan die predikante hulle salarisse ontvang. “Namate die werk van God uitbrei, sal die versoeke om hulp al hoe meer word. Om aan hierdie versoeke te voldoen, behoort Christene die bevel te gehoorsaam: ‘Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees.’ Maleági 3:10. As belydende Christene hulle tiende en offergawes getrou aan God wou bring, sou Sy skathuis vol wees. Dan sou dit onnodig wees om kermisse, loterye of feestelike geleenthede te hou om die evangelie te onderhou.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 267.

**Dink daaraan wat sou gebeur indien mense hulle tiende sou betaal waar hulle dit ook al wil betaal. Indien almal dit sou doen, wat sou met God se werk gebeur? Dus, hoekom is dit so belangrik dat ons ons tiende gee waar dit hoort?**

---

## Tiende en verlossing deur geloof

**Lees Romeine 3:19–24.** Watter uiters belangrike waarheid wat die middelpunt van ons geloof is, word hier uitgelig? Hoekom moet ons altyd hierdie lering as ‘n grondbeginsel van ons geloofslewe hou?

---

---

Die hoofsaak van hierdie Bybelse boodskap is dat almal van ons nie verlossing verdien nie (*Romeine 3:23*). As ons dit verdien het, sou dit deur verdienste gewees het, of deur werke, en sulke gedagtes is nie Skriftuurlik nie.

**Lees Romeine 4:1–5.** Wat leer hierdie verse ons oor genade teenoor verdienste?

---

Dus is verlossing ‘n gawe (*Efésiërs 2:8, 9*) wat gegee word sonder dat iemand dit verdien. Verlossing vind plaas omdat die verdienste van Christus se volmaakte offer aan ons toegereken word. Wat tiendebetaling betref, word daar dus geen krediet by God verdien wanneer dit aan Hom terugbesorg word nie. Indien die tiende aan God behoort, watter verdienste kan daar per slot van rekening moontlik wees wanneer dit aan Hom terugbesorg word? Tiendebetaling is nie ‘n handeling wat meer tot ons redding bydra as die ander goeie deugde waarvoor ons as Christene geskep is nie. “Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel” (*Efésiërs 2:10*). Ewenwel, die terugbetaling van tiende openbaar ‘n gesindheid wat òf nederig en onderdanig, òf eiewys en moedswillig is teenoor wat God ons gevra het om te doen. As ons God liefhet, sal ons Hom gehoorsaam. Tiendebetaling is ‘n uiterlike aanduiding van ons besef dat ons inderdaad net rentmeesters hier op aarde is, en dat ons aan God alles verskuldig is. Net soos die Sabbat ons weekliks aan God as ons Skepper en Verlosser herinner, doen tiendebetaling iets soortgelyks: dit herinner ons dat ons nie aan onself behoort nie, en dat ons lewens en verlossing gawes is wat ons van God ontvang. Die gevolg is dan dat ons bewus word van hierdie werklikheid en ‘n lewe deur geloof lewe wat aanvaar dat deur ons tiende terug aan God te besorg, dit ‘n tasbare uitdrukking van ons geloof is.

**Wat sê Lukas 21:1-4 aan ons oor wat dit beteken om deur geloof te lewe?**

## Vir verdere studie:

Dit is so maklik om te vergeet dat elke asemteug, elke hartklop, elke oomblik van ons bestaan alleenlik van die Here kom. In Handeling 17 praat Paulus met die Atheners oor die ware God, wat nie net die Skepper nie (“die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is ...” [Handeling 17:24]), maar ook die Instandhouer is (“want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons ...” [Handeling 17:28]). Die Atheners het nie van die ware God geweet nie. Ons as Christene weet, en hierdie besef moet die middelpunt wees van hoe ons leef. God het baie sê oor ons, en die gevolg is dat ons daarvolgens moet leef: “So is dit met God se seggenskap oor ons. Hy plaas Sy skatte in die hande van die mens, maar vereis dan dat een tiende getrou eenkant vir Sy werk gehou sal word. Hy vereis dat hierdie gedeelte in Sy skatkis geplaas moet word. Dit moet aan Hom gegee word omdat dit Syne is; dit is heilig en moet vir heilige doelwitte gebruik word, vir die onderhoud van hulle wat die boodskap van verlossing na die hele wêreld uitdra. Hy bewaar hierdie tiendes sodat Sy skatkis gedurigdeur fondse sal ontvang, en die lig van waarheid uitgedra kan word aan hulle wat naby, en hulle wat ver weg is. Deur getrou hierdie vereiste te gehoorsaam, erken ons dat alles aan God behoort.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 6, bl. 386, (vrye vertaling).

## Vrae vir bespreking:

1. “Tyd gaan spiedig oor in die ewigheid. Laat ons nie van God weerhou wat Hom toekom nie. Laat ons nie weier om aan Hom dit te gee wat, alhoewel dit nie sonder voordeel gegee kan word nie, ook nie sonder nadeel teruggehou kan word nie. Hy vra om die hele hart; gee dit aan Hom; dit is Syne omdat Hy dit geskape en ook losgekoop het. Hy vra om die hele verstand; gee dit aan Hom; dit is Syne. Hy vra u geld; gee dit aan Hom; dit is Syne.” — Ellen G. White, *Acts of the Apostles*, bl. 566, (vrye vertaling). Wat bedoel Ellen G. White wanneer sy sê, “Laat ons nie weier om aan Hom dit te gee wat, alhoewel dit nie sonder voordeel gegee kan word nie, ook nie sonder nadeel teruggehou kan word nie.”? Waarvan beroof ons onself wanneer ons nie ons tiende betaal nie?
2. Dink weer na oor die gedagte dat alle kerklede met die tiende mag doen net soos hulle goeddunk; d.w.s., om dit vir watter saak hulle dit ook al waardig mag ag, te gee, teenoor om dit na die “skathuis” te bring. Hoekom is dit so ‘n slegte gedagte? Wat sal met ons kerk gebeur? Hoekom sal so ‘n optrede help om skeuringe onder ons te veroorsaak?
3. In Lukas 21 het Jesus die weduwe geprys omdat sy haar geld aan die tempel gegee het ten spyte van al die korrupsie waarvan Hy bewus was wat daar plaasgevind het. Wat behoort dit aan diegene te sê wat voel dat hulle hul tiende kan terughou omdat hulle vrae het oor hoe dit aangewend word?